LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

26 Junie 2020

Liewe Graad R ouers,

Ons stuur hierdie skrywe om u gerus te stel oor die heropening van die skool. Ons doen alles in ons vermoë om u kind veilig te laat voel in die skool omgewing.

Dit gaan aanvanklik vreemd wees, maar ons maats sal dit gou gewoond raak. Ons juffrouens is baie positief en sien uit daarna om ons leerders terug te verwelkom.

Oriënteringsdag

Dag en tyd:

- Woensdag 1 Julie – Groep 1 (8:00 – 10:00)
- Donderdag 2 Julie – Groep 2 (8:00 – 10:00)
- Maak asseblief seker dat u kind voor 08:00 reeds by die skool is, want ons wil graag 08:00 met ons program begin.
- Ons is bewus daarvan dat dit vir u moeilik gaan wees om u kind slegs vir 2 ure skool toe te bring, maar dit sal regtig baie help om die hele proses vir die leerders te vergemaklik.

Siftingsproses:

- Die hekke maak 07:30 oop. U gaan u kind vergesel tot by die saalhek waar sy/haar juffrou gaan wag. Daar is sosiale afstandmerkers buite die skool geverf – gebruik dit asseblief as u in ‘n tou moet staan.
- Voltooi asb. die vrae op die skanderingsvorm en bring dit saam na die oriënteringsdag. Ons sal skanderingsvorms by die saalhek uitdeel as u nie vooraf een kon uit print nie.
- U kind gaan die skanderingsvorm vir die personeellid wat u kind se temperatuur gaan meet gee.
- U kind se temperatuur gaan gemeet word en as u kind se temperatuur onder 38˚C is mag hulle na die klas gaan.
- Die klasonderwyser sal u kind vergesel tot by die klas. By die klas wag elke juffrou se assistent hulle in. Berei asseblief u kind daarvoor voor. Dit gaan baie moeilik wees om ‘n angstige leerder te kalmeer as ons volgens die regulasies ons afstand moet hou.
- As almal by die skool is gaan die juffrou na haar klas toe.
- Ons gaan dan vir die leerders wys hoe alles van nou af gaan werk by ons sentrum. Ons gaan ook iets lekkers saam met hulle doen.
- Ons gaan net voor 10:00 met ons leerders by die saal se groot hek wag. Ouers moet asseblief op die sosiale afstandmerkers van die groot saalhek boontoe ‘n ry vorm. Onthou asseblief om ook ‘n masker te dra as u, u kind kom op- of aflaai.
- Ons maats sal gereed staan in hulle rye en as hulle vir mamma of papa sien sal juffrou ons maatjie saam met hulle ouer laat gaan. Hierdie proses gaan dalk bietjie lank neem op die oriënteringsdag maar is gelukkig nie ‘n probleem met die ander dae nie.

LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

Vanaf 6 Julie:

- Daar mag slegs 50% van die leerders per dag by die skool wees daarom moet leerders op alternatiewe dae skool toe kom.
- Groep 1: Maandae en Woensdae.
- Groep 2: Dinsdae en Donderdae
- Op Vrydae gaan ons groep 1 en 2 se leerders laat afwissel m.a.w. op 10 Julie kom groep 1, op 17 Julie groep 2, op 24 Julie groep 1 en op 31 Julie groep 2 en so voorts.
- Op die dae wat die leerders nie skool toe kom nie sal daar daagliks werkies beskikbaar wees op “Google Classroom”.

Siftingsproses van 6 Julie af:

- Die hekke sal oop wees vanaf 06:45.
- U sal op die oriënteringsdag genoeg skanderingsvorms kry.
- Elke vorm is geldig vir 1 week.
- Voltooi die vrae op die dag van toepassing.
- U kind gaan die skanderingsvorm moet wys vir die persoon wat hul temperatuur meet.
- Geen kind wat simptome toon van Covid 19 mag die skoolterrein betree nie – hou dus u kind tuis as u kind enige van die simptome toon.
- Dit is ook ‘n goeie idee om elke oggend self ook u kind se temperatuur te meet. Geen leerders met ‘n temperatuur hoër as 38˚ C mag die skool betree nie. Ons kom agter dat sommige leerders baie warm aangetrek is en dalk uit ‘n warm kar geklim het. Sodanige leerders laat ons bietjie afkoel en dan meet ons hul koors weer.
- U kind gaan met die oriëntering ‘n QR kode kenteken ontvang. Die persone wat u kind se temperatuur gaan meet in die oggende gaan dit skandeer en hul temperatuur daarop inlees en aandui dat u die vraelys voltooi het. U kan aan u kind vertel dat hy / sy nou soos ‘n spesiale agent is en daagliks geskandeer moet word om aan te meld vir diens. Berei hul voor hierop, want dit kan hul dalk angstig maak. Die QR kode help ons om elektronies rekord te hou van die siftingsproses.
- U kind se skanderingsvorm sal die laaste dag van hul week ingeneem word en dan moet u ‘n nuwe een gebruik vir die volgende week.
- Ons raai ons graad R- maats af om die kenteken aan hul klere te dra, want ons besige lyfies gaan dit verseker verloor. Maak dit eerder vas aan die binnekant van hul tas waar ons dit vining in die oggende gaan kry.
- Ons gaan van Maandag 6 Julie die siftingsproses in die saal doen. Ons kan nie reeds met die oriënteringsdag nie, want een van ons graad 7 groepe gebruik die saal op die oomblik.

Skooltye:

- Die skooltye bly dieselfde - 08:00 tot 13:00.
- Daar sal toesig tot 14:00 wees.
- Die personeel sal van 06:45 in hul klasse wees.
- U moet asseblief betyds wees, omdat opvoeders vanaf 14:00 die klasse moet saniteer en daar nie meer ‘n wagarea is nie.
- U moet asseblief reël dat u kind nie later as 14:15 in die middae afgehaal word nie.
- Die hekke sluit om 14:15.
- Neem kennis dat geen ouer die skoolterrein mag betree nie – berei dus u kind daarop voor.

LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

Kleredrag:

- Ons maats trek steeds gewone klere aan.
- Hul moet warm aantrek. Onthou dat die klasse se deure en vensters oop moet wees sodat daar goeie ventilasie kan wees volgens die riglyne.
- U kan selfs ‘n kombersie saamstuur.
- ‘n Masker of gesigskerm is verpligtend. Ons beveel gesigskerms aan, aangesien ons graad R’e baie aan die maskers gaan peuter en gaan sukkel met asemhaling as hul ‘n masker dra.

Akademie:

- Daar sal GEEN rapporte vir kwartaal 2 uitgegee word nie.
- Wanneer die leerders begin, gaan ons ‘n basislyn assessering doen om te bepaal op watter standaard ons leerders is.
- Leerders wat getrou die aanlynwerk gedoen het behoort reeds kwartaal 2 se werk te ken. Dit sal dan vir ons maklik wees om net hersiening te doen.

Besoekers:

- Geen ouers/besoekers sal op die terrein toegelaat word nie.
- Wanneer u, u kind in die middae kom haal moet u ‘n “Whatsapp” vir die voogonderwyser stuur. Die juffrou sal dan reël dat u kind saam met een van die assistente na die hek vergesel sal word.

Dagprogram:

- Ons dagprogram bly meestal dieselfde, behalwe dat ons leerders nou by tafels sit. (1.5 meter uit mekaar).
- Etenstyd gaan leerders in die klas by hul tafels sit en eet.
- Ons sal seker maak dat maats nie kos deel of uitruil nie.
- Makers/skerms sal net tydens etenstyd afgehaal word.
- Op elke tafel sal die leerder se skryfbehoeftes wees, ‘n speelding en kunsbenodigdhede.
- Elke klas het ‘n sanitasie-stasie met die volgende op:
    - Verseëlde maskers indien ‘n leerder se masker wegraak. Merk asb. u kind se masker of skerm duidelik.
    - Saniteerder.
    - Sneesdoekies.
    - “Wet wipes”.
- Daar sal speelgoed vir elke leerder op sy of haar tafel in ‘n groentesakkie gepak word. Dit sal elke middag na gebruik gesaniteer word.
- Daar sal vier speeltye van 15 minute elk wees, op verskillende plekke in die sentrum en ons sal sorg dat sosiale afstand gehandhaaf word. Die speelareas en speelgoed sal ook daagliks gesaniteer word.

LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

Toilette:

- Sosiale afstand is ‘n prioriteit met toiletgebruik.
- Ons gaan hoepels voor die toilette uitpak waarin die leerders moet staan om te verseker dat hul hul sosiale afstand handhaaf.
- Slegs een leerder sal soos gewoonlik per toilet toegelaat word.
- Daar sal heeldag ‘n dame aan diens wees om na elke besoek die toilet te saniteer.

Sanitering:

- Leerders se hande sal elke keer as hul die klas betree en uitgaan gesaniteer word.
- Elke middag sal skryfbehoeftes, tafels, stoele en speelgoed gesaniteer word.
- Elke klas word skoongemaak aan die einde van die dag en deurhandvatsels en vensterknippe word ook skoongemaak.
- Toilette word gesaniteer na gebruik.
- Speelareas word daagliks gesaniteer.

Wat kan u saam stuur?

- Tas met kossies vir u eie kind (soos altyd).
- ‘n Ekstra stel skoon klere.
- ‘n Ekstra masker.
- Opsioneel: Saniteerder. Sommige van ons leerders se hande kan dalk seer raak van die saniteerder wat ons gebruik. As u saamstuur sal net u kind sy of haar eie gebruik. (Dit moet die regte hoeveelheid alkohol in hê 70%)
- Opsioneel: “Wet wipes”.
- 2 liter roomysbak wat duidelik gemerk is vir hul skryfbehoeftes.

Naskool:

- Leerders mag na die naskool kom op die dae wat hul skool toe kom.
- ‘n Verlaagde tarief van R520.00 per maand is betaalbaar of R130.00 per week.
- Nuwe leerders kan van maand of week opsies gebruik maak. Kontak Joeanne by 081 562 9907 vir meer inligting.
- Die naskool voorsien middagete en is oop tot 18:00.

Verjaarsdae:

- Omdat dit ‘n gesondheidsrisiko is, vra ons dat u vir tyd en wyl nie ietsie saamstuur skool toe nie.
- Ons sal wel nog sing en ‘n kroon maak sodat die maats spesiaal voel op hulle verjaarsdag.

Dankie vir u getroue ondersteuning gedurende hierdie moeilike tye.

LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

Groete

Graad R Opvoeders